Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# JUNIE 2021

# REKENINGKUNDE V2
# BESTUURSREKENINGKUNDE, INTERNE OUDIT EN BEHEER
# (EKSEMPLAAR)

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, insluitend 1 formuleblad en 'n 10-bladsye antwoordeboek.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ŉ Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ŉ FORMULEBLAD met finansiële aanwysers is by die vraestel aangeheg. Jy mag dit gebruik indien nodig.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ŉ donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ŉ riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYD (Minute) |
|---|---|---|---|
| 1 | Rekonsiliasie | 32 | 25 |
| 2 | Voorraadwaardasie en Vaste bates | 58 | 45 |
| 3 | Vervaardiging en Kosteberekeninge | 42 | 35 |
| 4 | Interne en Finansiële beheer; Etiek | 18 | 15 |

## VRAAG 1: REKONSILIASIES EN INTERNE BEHEER

**(32 punte; 25 minute)**

### 1.1 BEGRIPPE

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.1.1–1.1.2) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Debiteure vorm deel van 'n onderneming se bedryfsbates.

1.1.2 Handelskorting word as volg aangeteken:
Debiteer Krediteurekontrole en Krediteer Korting Ontvang (2)

### 1.2 KREDITEURE-KONSILIASIE

Jy word voorsien van inligting rakende Oos-Kaap Handelaars. Die Krediteure-kontrolerekening en die Krediteurelys is deur 'n onervare boekhouer op 31 Mei 2020 opgestel.
Die Krediteurekontrolerekening toon 'n kredietsaldo van R589 010 en die Krediteurelys toon 'n totaal van R585 050.
As interne ouditeur, het jy die onderstaande foute en weglatings ontdek.

**GEVRA:**

1.2.1 Teken die volgende foute en weglatings in die tabel in die ANTWOORDEBOEK aan en bereken die korrekte saldo en totaal. (16)

**INLIGTING:**

Foute en weglatings ontdek:

A 'n Debietsaldo van R5 630 van een van die krediteure moet na hul rekening in die debiteuregrootboek oorgedra word.

B R590 korting van 'n krediteur ontvang, is foutiewelik as R950 na die krediteuregrootboek oorgeboek.

C Rente op 'n agterstallige rekening, R645, is nêrens aangeteken nie.

D 'n Bedrag van R450 uit die Krediteureafslagjoernaal, is na die verkeerde kant van die krediteur se rekening oorgeboek.

E Goedere ter waarde van R83 500 wat teruggestuur is aan 'n krediteur, is verkeerdelik as kredietaankope aangeteken.

F 'n Kredietfaktuur vir goedere aangekoop, R34 000 is nêrens aangeteken nie.

G Goedere op krediet van Wes-Groothandelaars vir R72 000 aangekoop, is teen die rekening van Oos-Groothandelaars gekrediteer.

H Die kolom vir krediteure in die Krediteureafslagjoernaal is met R4 500 te min opgetel.

1.3 **DEBITEURE-ONTLEDING**

**GEVRA:**

1.3.1 Gee TWEE redes waarom die opstel van ŉ Debiteure-ouderdomsontleding nuttig te pas kom in die bestuur van debiteure. (4)

1.3.2 Bereken die debiteure-invorderingsperiode vir 2020 en lewer kommentaar op jou bevindings. Hou in gedagte dat die debiteure-invorderingsperiode vir 2019 as 45 dae bereken was. Voorsien syfers in jou kommentaar.
Bespreek TWEE punte van advies wat jy aan die kredietbestuurder kan bied. (10)

**INLIGTING:**

Uittreksel uit die finansiële state op jaareinde:

| | **29 Februarie 2020** | **28 Februarie 2019** |
|---|---|---|
| Totale verkope | 816 240 | 1 211 000 |
| • Kontantverkope | 367 920 | 525 600 |
| • Kredietverkope | 448 320 | 685 400 |
| Koste van verkope | 396 940 | 538 220 |
| Handelsdebiteure (netto) | 104 190 | 68 540 |

**32**

## VRAAG 2: VOORRAAD; VASTE BATES (58 punte; 45 minute)

### 2.1 PAS BEGRIPPE

Kies ŉ omskrywing uit KOLOM B wat by die begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–D) langs die vraagnommers (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | Spesifieke identifikasie-metode | A | Kosprys minus opgehoopte waardevermindering |
| 2.1.2 | Geweegde gemiddelde-metode | B | Voorraadwaardasie-metode gebruik vir soortgelyke items met ŉ lae waarde |
| 2.1.3 | Drawaarde | C | Voorraadwaardasie-metode gebruik vir duur en diverse goedere |
| 2.1.4 | EIEU | D | Voorraadstelsel waarvolgens oudste voorraad eerste verkoop word. |

(4 x 1) (4)

### 2.2 VOORRAAD

Jy word voorsien van inligting rakende Kampioene Handelaars. Hulle verkoop rugbytruie en rugbyballe. Hulle gebruik die periodieke voorraadhoudingstelsel.

**GEVRA:**

2.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad vir rugbytruie. (4)

2.2.2 Bereken die koste van verkope vir rugbytruie. (5)

2.2.3 Bereken die winsopslag persentasie vir rugbytruie. (4)

2.2.4 Hoeveel maande sal dit neem om die rugbytruie voorhande op 31 Mei 2020 te verkoop? (4)

2.2.5 Bereken die waarde van eindvoorraad vir rugbyballe. (8)

2.2.6 Bereken die aantal vermiste rugbyballe op 31 Mei 2020. (5)

Kopiereg voorbehou 

**INLIGTING:**

A Die voorraadwaardasie-metode gebruik:
- vir **rugbytruie** is **Eerste-In-Eerste-Uit (EIEU)**.
- vir **rugbyballe** is die **geweegdegemiddele**-metode.

B Voorraadwaardes:

| | Rugbytruie | | | Rugbyballe | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Aantal eenhede** | **Prys per eenheid** | **Totale waarde** | **Aantal eenhede** | **Prys per eenheid** | **Totale waarde** |
| 01/06/19 | 1 200 | R440 | R528 000 | 300 | R150 | R45 000 |
| 31/05/20 | 1 000 | ? | ? | 120 | ? | ? |

C Aankope gedurende die jaar:

| | Rugbytruie | | | Rugbyballe | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Aantal eenhede** | **Prys per eenheid** | **Totale waarde** | **Aantal eenhede** | **Prys per eenheid** | **Totale waarde** |
| 20/09/19 | 800 | R460 | R368 000 | 1 500 | R150 | R225 000 |
| 20/12/19 | 1 000 | R490 | R490 000 | 3 000 | R180 | R540 000 |
| 20/03/20 | 1 000 | R500 | R500 000 | 2 000 | R190 | R380 000 |
| | 2 800 | | R1 358 000 | 6 500 | | R1 145 000 |

D Voorraad teruggestuur: (Foutiewe voorraad moet binne 5 dae na aankope teruggestuur word.)
- 12 rugbytruie teruggestuur op 24 Maart 2020.
- 15 rugbyballe teruggestuur op 23 Desember 2019.

E
- Afleweringskoste vir rugbytruie is ingesluit by die prys deur die verskaffers gehef.
- Afleweringskoste betaal vir rugbyballe, beloop R61 140.

F Verkope gedurende die jaar:
- Rugbytruie: 3 000 eenhede ter waarde van R2 271 200.
- Rugbyballe: 6 660 eenhede ter waarde van R2 669 040.

2.3 **VASTE BATES**

Die onderstaande inligting is geneem uit die rekords van Praven Handelaars op 30 April 2020, die einde van die finansiële jaar.

**GEVRA:**

2.3.1 Bereken die kosprys van die addisionele motorhuis wat aangebou is. (1)

2.3.2 Bereken die saldo van die Opgehoopte Waardevermindering op Toerusting-rekening op 30 April 2020. (Jy hoef nie die rekening te doen nie.) (5)

2.3.3 Voltooi die Opgehoopte Waardevermindering op Voertuierekening. Rekening moet gesaldeer word op 30 April 2020. (10)

2.3.4 Voltooi die Bateverkoperekening. (8)

**INLIGTING:**

A **Saldo's:**

| | **30 April 2020** | **30 April 2019** |
|---|---|---|
| Grond en Geboue | 2 266 000 | 1 966 000 |
| Voertuie | 520 000 | 720 000 |
| Toerusting | 1 440 000 | 1 440 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op Voertuie | ? | 192 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op Toerusting | ? | 1 320 000 |

B **Addisionele inligting:**

- Gedurende die jaar is 'n addisionele motorhuis gebou om voorsiening te maak vir die groter afleweringsvoertuig wat aangekoop is.
- Aan die begin van die jaar het Praven Handelaars slegs een voertuig besit. Hierdie voertuig is op 31 Januarie 2020 vir R460 000 op 'n nuwe afleweringsvoertuig van Blitz Motors ingeruil.
- Waardevermindering op voertuie word teen 20% p.j. volgens die verminderende-saldometode afgeskryf.
- Waardevermindering op toerusting word teen 20% per jaar op kosprys bereken.

**58**

## VRAAG 3: VERVAARDIGING EN KOSTEBEREKENINGE (42 punte; 35 minute)

3.1 **BEGRIPPE**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (3.1.1–3.1.2) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 Vaste koste verander nie wanneer die aantal eenhede geproduseer verander nie.

3.1.2 Primêre koste bestaan uit direkte arbeid plus indirekte arbeid. (2)

3.2 **PRODUKSIEKOSTESTAAT**

Jy word voorsien van inligting rakende Kyle's Creations, vervaardigers van sportsakke.

**GEVRA:**

3.2.1 Voltooi die nota vir Fabrieksbokostes. (12)

3.2.2 Voltooi die Produksiekostestaat op 29 Februarie 2020. (16)

**INLIGTING:**

A **Saldo's:**

| | **28 Februarie 2019** | **29 Februarie 2020** |
|---|---|---|
| Grondstowwe/Direkte materiaal | 115 800 | 69 000 |
| Goedere-in-bewerking | 218 400 | 120 600 |
| Indirekte materiaal | 8 400 | 13 200 |

B **Transaksies gedurende die jaar**:

| | |
|---|---|
| Grondstowwe aangekoop | 1 445 400 |
| Grondstowwe teruggestuur | 46 200 |
| Vraggeld op grondstowwe | 57 600 |
| Produksie-lone | 1 072 400 |
| Pensioenbydraes | 47 520 |
| Salaris: Fabrieksvoorman (bydraes ingesluit) | 288 000 |
| Advertensies | 117 776 |
| Elektrisiteit | 78 408 |
| Indirekte materiaal vir gebruik in fabriek, aangekoop | 59 400 |
| Fabrieksonderhoud | 81 000 |
| Huuruitgawe | 216 000 |
| Waardevermindering | 97 500 |

C Addisionele inligting:

- WVF betalings vir die jaar moet nog bygevoeg word.
- Oortyd moet nog bygereken word: 6 werkers het 'n totaal van 270 ure **elk** teen 'n tarief van R40 per uur gewerk.
- 75% van die elektrisiteit moet aan die fabriek toegedeel word.
- Huur word verdeel as 2 : 1 : 1 tussen die fabriek, verkope en kantore.
- 80% van die waardevermindering moet aan die fabriek toegedeel word.

## 3.3 KOSTEBEREKENINGE

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Nail Art, vervaardigers van naellak-produkte, op 30 April 2020.

**GEVRA:**

3.3.1 Bereken die gelykbreekpunt vir 2020. (6)

3.3.2 Bereken die aantal eenhede vervaardig gedurende 2020. (Alle produkte was verkoop.) (2)

3.3.3 Behoort Mickey, die eienaar, bekommerd te wees oor die vlak van produksie van Nail Art? Gee TWEE redes, met stawende syfers om jou antwoord te motiveer. (4)

**INLIGTING:**

**Inligting vir die jaar geëindig 30 April 2020:**

| | **Totale koste** | **Eenheidskoste** |
|---|---|---|
| Direkte arbeid | 1 981 800 | 18,00 |
| Direkte materiaal | 2 422 200 | 22,00 |
| Verkoops- en verspreidingskoste | 770 700 | 7,00 |
| Fabrieksbokoste | 2 193 510 | |
| Administrasiekoste | 990 000 | |
| | | |
| | **30 April 2020** | **30 April 2019** |
| Verkoopprys per eenheid | 80,00 | 60,00 |
| Eenhede geproduseer en verkoop | ? | 92 000 |
| Gelykbreekpunt | ? | 102 000 |

**42**

## VRAAG 4: FINANSIËLE EN INTERNE BEHEER (18 punte; 15 minute)

### 4.1 BEGRIPPE

Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die gekose woord langs die vraagnommers (4.1.1–4.1.2) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 Die ouditverslag word saamgestel deur die (interne/eksterne) ouditeure.

4.1.2 Ouditverslae word gerig aan die (aandeelhouers/direkteure) van die maatskappy. (2)

### 4.2 FINANSIËLE BEHEER

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Knights Sport Bpk.

**GEVRA:**

4.2.1 Watter soort ouditverslag het Knights Sport Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 31 Mei 2020, ontvang? Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)

4.2.2 Waarom vereis die Maatskappywet van Suid-Afrika dat publieke maatskappye geouditeer moet word? (2)

4.2.3 Die direkteure voel die ouditfooie wat deur die eksterne ouditeure gehef word, is buitensporig hoog. Verduidelik hoe beter interne beheer ŉ positiewe effek sal hê op die fooie wat die ekstene ouditeure hef. (2)

**INLIGTING:**

**UITTREKSEL UIT DIE OUDITVERSLAG VAN KNIGHTS SPORT BPK.**

Na ons mening is die finansiële state in alle wesenlike opsigte ŉ redelike weergawe van die finansiële posisie van die maatskappy op 31 Mei 2020. Die opbrengs uit bedryfsaktiwiteite en kontantvloei vir die jaar geëindig, is in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapportering Standaarde en voldoen aan die vereistes van die Maatskappywet van Suid Afrika.

**LM Williams & Genote**

4.3 **INTERNE BEHEER**

Die interne ouditeur het die hoof uitvoerende beampte (HUB) gewaarsku dat dit probleme vir die maatskappy kan skep indien hy sou voortgaan om uitgawes vir sy privaat voertuig, as deel van Diverse Uitgawes in die maatskappy se Inkomstestaat aan te teken.

**GEVRA:**

4.3.1 Na watter AARP-beginsel het die interne ouditeur verwys toe hy sy kommer oor hierdie saak uitgespreek het? (2)

4.3.2 Gee TWEE gevolge vir die maatskappy indien die HUB die interne ouditeur se advies sou ignoreer. (4)

4.3.3 Tydens die algemene jaarvergadering (AJV) het die direkteure voorgestel dat die maatskappy ŉ dagsorgsentrum vir kinders in die plaaslike gemeenskap moet ondersteun, deur goedere en kontant aan hierdie sentrum te skenk.
Gee TWEE redes waarom maatskappye by hierdie soort aktiwiteite betrokke sou raak. (4)

**18**

**TOTAAL: 150**

| FORMULEBLAD: GRAAD 12 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS | | |
|---|---|---|
| $\frac{\text{Brutowins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Brutowins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Nettowins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Nettowins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates : Totale laste | Bedryfsbates : Bedryfslaste | (Bedryfsbates – Voorrade) : Bedryfslaste |
| (Handel en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste | | $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| Niebedryfslaste: Aandeelhouersbelang | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | | $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ |

Kopiereg voorbehou